Publication: Sake (Rapport)
Date: Sunday, December 09, 2018
Page: 5

# Aftrede – vermy dié slaggate

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

Aftrede laat my soms dink aan die evangeliste wat so graag praat oor wedergeboorte. Jy moet die ou lewe agter jou laat en 'n nuwe mens word.

Dit is nou wel Sondag, maar dalk moet ek my liewer bepaal by 'n onderwerp waarvan ek meer weet: finansiële beplanning. Die raakpunt hier is dat jou lewe ná aftrede anders gaan verloop as voor aftrede. En daarom moet jy die regte besluite neem, want terugdraai is daar nie.

So, kom ons kyk na 'n paar slaggate en hoe om hulle te vermy.

Die grootste enkele fout wat ek sien mense maak, is dat hulle by aftrede kom en dan dink hulle is ryk. Baie min mense het in hul lewe al soveel geld gesien en daaroor beheer gehad as die bedrae ter sprake by aftrede. Daarom dink baie skynbaar hul geld het nie 'n einde nie. Dit is presies wanneer die geldhiënas toeslaan. 'n Gek en sy geld word gou geskei, lui die gesegde. Bly kalm en besef dis wat jy vir die res van jou lewe het. En dat die res van jou lewe langer kan duur as wat jy gedink het.

Sit liewer daardie een derde kontant uit 'n pensioenfonds weg - minstens vir 'n paar jaar, totdat jy verstaan wat die nuwe lewe vir jou inhou. Gee jouself genoeg tyd om weer na te dink oor daardie nuwe kar, die oorsese vakansie, of waaroor jy ook al droom.

Die "baie geld" smokkel maklik met 'n mens se kop. Veral sien ek dit by staatsamptenare wat kort voor aftrede bedank om hul hande op daardie miljoen of twee, drie te kry.

Dis nie geldslim nie.

Nie net vanuit 'n belastingoogpunt nie, ook vanuit 'n risiko-oogpunt. Die pensioen is lewenslank gewaarborg, terwyl jou eie belegging - die deel wat wel belê word ná lenings aan kinders, nuwe karre, ensovoorts - gewoonlik nie is nie. Maak seker jy kry kundige finansiële raad as jy jou eie beleggingsbesluite moet neem by aftrede. Moenie val vir beloftes van hoë opbrengste nie, jy gaan vir seker jou vingers verbrand.

Dan is daar ook diegene wat jou geld sal belê en elke nou en dan herbelê. En elke keer kommissie neem, terwyl jy jouself arm spaar. Ek weet nie hoe jy diesulkes kan vermy nie. Daar is 'n spul gladdebekke daar buite, so wees maar net bedag en fokus op die gehalte van die finansiële raad en nie die produk wat aangebied word nie.

Dis die maklikste manier om hulle uit te snuffel.

En dan die nie-so-finansiële risiko's. Dink mooi voordat jy oppak en êrens op 'n stil plekkie of by die see gaan aftree. Aftrede is reeds 'n emosionele affêre. Sommiges sal sê traumaties, want jy is regtig nie meer heeltemal die mens wat jy gister was nie. Vra jouself of jy werklik alles wil agterlaat, jou vriendekring, jou bekende omgewing, jou tydverdrywe, jou alles.

Dit is beter om so na as moontlik aan jou lewenstyl te bly ná aftrede as voor dit. Probeer om die veranderinge in jou lewe wat noodgedwonge met aftrede gepaardgaan, so ver moontlik te beperk. 'n Deeltydse werk ná aftrede kan ook baie help om die finansies aan te vul en die verveling van te veel ledige ure te bekamp.

Systap die risiko's en die nuwe lewe kan opwindend wees.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.